

19 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 5:1-13

Fokusgedeelte: Matteus 5:13

Julle is die sout vir die aarde

Sout is onontbeerlik in die skepping van God. Waarom? Omdat dit smaak gee en die bederf teëwerk. Deur ons so te noem, wil Jesus hê dat ons as gelowiges die kwaad moet bestry en smaak aan ons omgewing gee.

In 'n wêreld wat deur die sonde smaakloos en verrot geword het, voel baie Christene só magteloos dat hulle hulle roeping as soutkorrels net in die kerk wil uiteef, maar die wêreld aan die duivel wil oorlaat. Dit kan tog nie! Om werklik 'n soutkorrel te wees, moet ons *uit die soutpot van die kerk op die deeg van die wêreld gespreinkel word en dit deurtrek*.

Onthou! Jesus het nie gesê dat ons die suiker vir die aarde is nie, maar die sout. Baie Christene wil die samelewing versuiker deur die sonde goed te praat en die oordeel van God weg te praat. Dit mag nooit nie! 'n Christen is 'n bytende soutkorrel wat die kwaad moet wegbrand. Doen ons dit nie, verslaan ons en word ons waardeloos.

Ons kan alleenlik soutkorrels wees deur die geloof in ons Here Jesus. As soutkorrel het Hy uit die soutpot van die hemel na ons sondige wêreld gekom om ons deur sy kruisdood van die sonde, dood en hel te verlos én aan ons die smaak van die ewige lewe te gee! Moet daarom nie moedeloos word nie! Soos een soutkorrel smaak aan 'n massa deeg gee, so is ons – deur die krag van die Heilige Gees – in staat om ons roeping as soutkorrel te vervul.

Sing: Psalm 145:1,5,12 Dr CJ Malan (Emeritus)